Korporasie wil R6 miljard belê

Deur SUSAN BOTES

Die ontwikkelingskorporasie IDC gaan sy belegging in die landbou met minstens R6 miljard oor die volgende vyf jaar verhoog, het mnr. Geoffrey Qhena, uitvoerende hoof, in Johannesburg gesê.

Dr. John Purchase, uitvoerende hoof van die Landboubesigheidskamer, het die aankondiging verwelkom. "Ons het die Regering lankal versoek dat die mandaat van instansies wat in ontwikkeling belê, soos die Land Bank en die IDC, uitgebrei moet word. Dit is omdat dié instansies só 'n groot rol in die opbou van 'n land speel."

'n Verskuiwing in sy mandaat het daartoe aanleiding gegee dat die IDC oor die volgende vyf jaar R5 miljard méér in die landbou wil belê. Die verskuiwing is gemaak met die oog op werkskepping.

Afgesien van dié geld gaan die IDC 'n hulpfonds van R750 miljoen begin vir ondernemings wat deur onlangse vloede en droogtes getref is. Daarvan is R500 miljoen geoormerk vir ondernemings wat binne die IDC se mandaat in aanmerking daarvoor kom. Die oorblywende R250 miljoen sal aan die Land Bank geleen word. Die bank sal die geld gebruik om die primêre landbou – wat buite die IDC se mandaat val – in vloedgeteisterde gebiede te help.

Qhena sê die IDC wil tot 50 000 werksgeleenthede skep met 'n bykomende kredietgerief van R10 miljard.

Purchase sê die IDC is 'n goeie medium om dié werksgeleenthede te skep.

Meer inligting is op die IDC se webwerf **www.idc.co.za** te vind.

• Die IDC is sedert sy ontstaan in die 1940's by die landbou betrokke, maar het hom voorheen meer op langtermyngewasse, soos sitrus, toegespits. In 2008, toe onsekerheid oor voedselsekerheid ontstaan het, het die ontwikkelaar besluit om meer betrokke te raak by stapelvoedsel. Veral landbouverwerking lê hom na aan die hart. Qhena sê die korporasie het sedertdien reeds by twee pluimvee-verwerkingsprojekte betrokke geraak en daar is tans 'n ondersoek na 'n moontlike sojaverwerkingsaanleg.

4 Maart 2011 **Landbouweekblad**